

# MACBETH

## SHAKESPEARE IN AFRIKAANS

*Bernard Miles*

Lank, lank gelede het daar drie hekse in 'n eensame moerasland in die hooglande van Skotland gewoon. Miskien is hulle nog daar, ek weet nie. As julle ooit daarheen gaan moet julle maar versigtig wees, veral as die weer donker en onstuimig is.

Hierdie hekse het dag en nag bouse gedagtes in 'n hekspot bekook terwyl hulle hand aan hand om die pot gedans het en gewag het vir mense wat hul kon verlei, vir lewens om te verwoes. Hulle kon nie goeie mense verlei nie, net mense met bouse gedagtes.

Die hekse het sterk toormiddels gehad. Hulle kon mense se gedagtes lees, en iemand wat net 'n bietjie boos was kon hulle so boos soos die duiwel self maak. Hulle het in 'n spelonk gewoon en toormiddels gemaak deur paddas en slange, en salamanders en akkedisse in hul hekspot te kook, of sommer enige nare goed waaraan 'n mens kan dink. Hul kon deur die lug vlieg na enige plek waarheen hulle wou, al skreeuend in die wind en met hul towervuur gereed, terwyl hulle 'n lelike liedjie sing:

*Boos is goed, en goed is boos:  
Fladder deur vogdamp, vuil en voos!*

Hulle was nie soos die hekse waarvan 'n mens in sprokies lees nie; hulle was bese en gevaarlike hekse.

In daardie tyd was Skotland in klein distrikte verdeel wat elkeen deur 'n edelman regeer is; hierdie edelliede moes die koning gehoorsaam wees en hom help wanneer hy in gevaar was. En as hulle aan die koning getrou was het hy vir hulle meer grond en titels gegee en hulle so by hom gehou omdat hy op hulle kon vertrou en staatmaak.

In die tyd van ons storie was Duncan die koning van Skotland. Hy was oud en grys, verstandig en goed van hart, en hy het twee seuns gehad, Malcolm en Donalbain. Wanneer die koning eendag sterf sou Malcolm koning van Skotland word. En al die edelliede sou 'n eed aflê dat hulle hom net so getrou sou dien as wat hulle vir Duncan gedien het.

Maar een van die edelliede – sy naam was Macbeth – het gedink dat hý, en nie Malcolm nie, die reg het om koning te word wanneer Duncan eendag sterf. Sy vrou het ook so gedink. Om die waarheid te sê, sy vrou het so baie daarvan gepraat dat Macbeth later regtig geglo het hy moes koning word.

Dit was natuurlik nie moontlik terwyl Duncan en sy seuns geleef het nie, Maar, wie weet, dalk gebeur dit eendag tog. Miskien kom hulle iets oor! Hoe dit ookal sy, die gedagte was klaar in Macbeth se kop en as hy ooit die hekse sou raakloop sou hy net die regte man wees om te verlei: iemand met bese gedagtes in sy hart wat die lelike dinge sou doen wat hulle in die mis en ongesonde, vuil lug van die moerasland bekook het.

En toe gebeur dit baie onverwags. Die koning van Noorweë het van oor die see gekom en Skotland aangeval. Die Edelman van Cawdor en 'n paar ander edelliede het hul eie koning verrai en by die koning van Noorweë aangesluit. Daarop het Duncan, koning van Skotland al die edelliede wat aan hom getrou gebly het byeengeroep en vir hulle gesê om hul soldate te bring en hom te help. Toe was daar 'n groot geveg tussen die twee konings en hul soldate, en Macbeth was die dapperste van al die manne wat vir Duncan, koning van Skotland, geveg het. Macbeth en sy vriend, Banquo, het só dapper geveg en só baie van die vyand doodgemaak dat die koning van Noorweë en die Edelman van Cawdor van die slagveld weggevlug het. Macbeth was baie trots dat hy die koning se vyande

verslaan het. Hy en Banquo het gereedgemaak om die nuus aan die koning te gaan vertel en daarna wou Macbeth huistoe gaan na sy kasteel, Glamis, waar sy geliefde vrou vir hom gewag het. Maar die pad het deur die woeste en eensame moerasland geloop en terwyl hulle deur die mis ry, moeg en met bloed bevlek van die geveg, het dit donker geword en begin donder en blits. En saam met die nag het die gedagte weer by Macbeth opgekom dat hy op een of ander manier moes koning word. En hy kon die gedagte nie uit sy kop kry nie. Hy het gevoel dat hy sy land so goed gedien het dat hy alle reg het om koning te wees. Hoe wonderlik sou dit nie wees as dit so beskik word nie! Hoe gelukkig sou sy vrou nie wees nie, en watter pragtige koningin sou sy nie uitmaak nie! En so het Macbeth en Banquo deur die moerasland gery.

Skielik was daar 'n weerligstraal en daar, reg in hul pad, het die drie hekse met hul lelike gesigte verskyn in die gloed van hul heksevuur. Gelukkig kon Macbeth en Banquo hulle perde betyds tot stilstand bring anders het hulle oor die hekse gery. Dink net hoe verbaas hulle was toe die hekse hulle groet. 'n Mens sou sê hulle het geweet wie Macbeth was want hulle het hom die Edelman van Glamis genoem. Toe sê hulle vir

hom dat hy binnekort ook die Edelman van Cawdor sou wees, en dat hy eendag selfs koning sou word! Hy kon dit byna nie glo dat hierdie drie lelike ou hekse wat in die woeste moerasland rondswerf, geweet het wat daar in sy gedagtes omgegaan het nie!

Toe praat die hekse met Banquo en sê vir hom dat hoewel hyself nooit konings sal word nie, sy kinders en sy kleinkinders en sy agterkleinkinders honderde jare lank konings sal wees. Macbeth beveel toe die hekse om vir hulle nog meer te vertel. Hy vra vir hulle hoe hulle dinge in die toekoms kon sien wat nog nie eens gebeur het nie. Hoe is dit dat hulle sulke vreemde dinge weet? Maar die hekse wou hulle nie laat gebied nie. Daar was weer 'n weerligstraal en die volgende oomblik het hulle verdwyn. Die moerasland was verlate en daar was net die donder en die blitse en die warrelende mis en die loeiende wind.

Macbeth was verbaas dat die hekse weet wat sy naam is en nog meer verbaas om te hoor dat hy binnekort die Edelman van Cawdor sal wees, want die Edelman van Cawdor is nie in die geveg dood nie; hy het ontsnap en leef nog. Maar Macbeth was veral baie ontsteld dat iemand vir hom gesê het dat hy eendag koning sou word

want hy het vir niemand behalwe sy vrou vertel wat daar in sy gedagtes omgaan nie.

Hy was ook verbaas dat die hekse voorspel het dat Banquo, en nie hy nie, die vader van 'n klomp konings sou wees. Maar hy was so opgewonde oor wat hy gehoor het dat hy nie verder aan Banquo wou dink nie; hy wou net by die huis kom om vir sy vrou die goeie nuus te vertel.

Macbeth en Banquo wou net verder ry toe die koning se boodskappers daar aankom. Hulle vertel vir Macbeth dat die koning gehoor het hoe dapper hy geveg het en dat die koning hom as beloning die Edelman van Cawdor gemaak het.

"Maar hoe kan dit wees?", vra Macbeth. "Die Edelman van Cawdor leef nog. Ek het self gesien dat hy ontsnap."

Die boodskappers antwoord dat die Edelman van Cawdor gevang en sy titel ontnem is omdat hy 'n verraaier is. Die doodstraf is oor hom uitgespreek en die koning het sy titel aan Macbeth gegee, net soos die hekse voorspel het.

Toe hy dit hoor, klop Macbeth se hart sommer vinniger. As die hekse die toekoms so kon voorspel, as hulle geweet het dat hy reeds die Edelman van Cawdor is, kon hulle ander voorspellings dalk ook bewaarheid word – dat hy eendag koning sou word! Macbeth kon hom

skaars bedwing. Nou is hy seker: die hekse en die bonatuurlike magte wat hulle beheer is aan sy kant!

By hulle aankoms word Macbeth en Banquo hartlik deur die ou koning gegroet met trane van dankbaarheid in sy oë omdat hulle hom en sy koningryk deur hulle dapperheid gered het. Die koning deel Macbeth mee dat hy hom daardie aand met 'n besoek aan die Kasteel van Glamis gaan vereer om sy waardering te betuig vir wat Macbeth vir hom gedoen het. Sy twee seuns, Malcolm en Donalbain, en ander edelliede en howelinge sal ook saamkom om die oorwinning te kom vier. En natuurlik moet Banquo ook daar wees want hy het byna net so dapper soos Macbeth geveg.

Macbeth was nou haastig huistoe om die nuus vir sy vrou te vertel en om die kasteel gereed te kry vir die koning se besoek. Hy moes ook 'n kamer inrig vir die koning en sy lyfwagte, en die kos en wyn regkry vir die feesmaal daardie aand.

Toe Macbeth by die kasteel aankom verneem hy dat sy vrou reeds van die oorwinning gehoor het en hoe die koning hom vir sy dapperheid beloon het. Maar sy kon haar ore nie glo toe Macbeth haar vertel dat die koning die nag in die kasteel kom oorbly nie. Want sy het besef dat dit haar

kans is om Duncan te laat doodmaak sodat sy en haar man koning en koningin kan word.

Macbeth was geskok toe hy hoor wat in sy vrou se gedagtes omgaan en sê vir haar dat hy nooit so 'n afskuwelike daad kan pleeg om die koning dood te maak nie. Maar sy kom baie naby aan hom staan met haar pragtige liggaam en fluister dringend in sy oor dat hulle dalk nooit weer so 'n kans sal kry nie. Macbeth antwoord: : "Dit is waar maar wat sal gebeur as iets verkeerd loop?" Sy vrou verseker hom dat daar niks verkeerd sal loop nie; hulle moet net dapper wees, dan sal alles reg uitwerk. Macbeth stem uiteindelik in . Hulle sal die koning se lyfwagte 'n slaapdrank ingee waarna Macbeth die kamer stilletjies sal binnegaan en die koning sal vermoor.

Toe Duncan en sy howelinge by Macbeth se kasteel aankom verwelkom sy vrou die koning met haar mooiste glimlag.

Die koning omhels en soen haar op die wang en sê vir haar dat sy in 'n pragtige kasteel woon en dat die lug hierbo in die berge so vars en skoon is en hoe baie hy uitgesien het na sy besoek aan die Kasteel van Glamis waar sy en Macbeth woon.

Daardie aand tydens die feesmaal het die koning Macbeth so hoog aangeprys dat hy skaam geword het oor sy planne om die koning te

vermoor. Macbeth neem daarop sy vrou na die binnehof van die kasteel en sê vir haar dat die koning hom sedert die geveg soveel eer bewys het dat hy hom nie kan doodmaak nie. Maar sy vrou het hom dit verwyte en hom 'n lafaard genoem en gesê dat sy self die koning sou vermoor as hy dit nie wil doen nie. Macbeth het toe maar besluit om met die verskriklike plan voort te gaan.

Ná die feesmaal het Macbeth 'n bietjie in die binnehof van die kasteel gaan stap om die koel naglug te gebruik om homself te kalmeer, want hoe meer hy daaraan gedink het dat hy 'n gryse en onskuldige en goeheartige man soos Duncan moes vermoor, hoe meer het dit hom ontstel en hy het hom verbeel dat die engele in die hemel God smeek om te keer dat hy die wrede daad pleeg. En toe, skielik, verbeel Macbeth hom dat hy 'n bloedbevleekte dolk in die lug sien hang met sy punt in die rigting van die trap wat na die koning se slaapkamer lei. Toe Macbeth dit sien het hy nog banger geword en ofskoon die nag koud was het die sweet hom afgerol en sy hele liggaam het gebewe.

Dit was in werklikheid een van die hekse wat haar gesig met haar mantel bedek en die moordwapen na Macbeth uitgehou het. Die

hekse het Macbeth nou heeltemal in hulle mag gehad en alles geweet wat in sy gedagtes omgaan; om die waarheid te sê, hulle het die hele tyd bokant die binnehof in die lug rondgesweef en hom dopgehou ofskoon niemand hulle kon sien nie, en hulle het stilletjies gelag uit pure genot dat hul towerkunste so goed werk.

Terwyl Macbeth nog daar staan kom sy vrou uit die kasteel uitgestap om hom moed in te praat. Sy vertel vir hom dat sy die koning se twee lyfwagte 'n slaapdrankie ingegee het en dat Duncan self ook vas slaap. Sy sê ook vir hom wat haar planne is. Sy sal die klok van die kasteel lui sodra alles veilig lyk. Dan moet Macbeth met die trap opsluip na Duncan se kamer en die koning se hart met sy dolk deurboor.

Nadat Macbeth se vrou na die kasteel teruggegaan het maak Banquo en sy seun, Fleance, hul verskyning in die binnehof. Banquo herinner Macbeth aan hulle ontmoeting met die drie hekse in die moerasland en sê hy wonder of hulle voorspellings oor hom net so bewaarheid sal word as die dinge wat hulle oor Macbeth gesê het. As Macbeth 'n tydjie kan afstaan, sê hy, sal hy graag 'n bietjie met hom wil gesels oor die vreemde gebeure van die afgelope tyd.

Ofskoon Macbeth baie bang was oor die moord wat hy moes gaan pleeg belowe hy vir Banquo dat hy met hom sal praat sodra hy die kans kry. Daarop gaan Banquo en Fleance na die kasteel toe terug terwyl Macbeth heen en weer in die binnehof stap en hoop dat wanneer hy na die koning se kamer gaan, hy so sag sal loop dat nie een die klippe sal voel dat hy op hulle trap nie.

Meteens lui die kasteel se klok, hard en helder. Die oomblik het aangebreek. Macbeth skraap sy moed bymekaar en sluip met die trappe op. Op daardie oomblik verskyn sy vrou in die binnehof om te kyk of alles vlot verloop. Sy is net so bang soos hy maar sy is harder en wreder en kan haar gevoelens beter beheer.

Ofskoon Macbeth net 'n klein rukkie weg behoort te wees voel dit reeds vir haar asof sy 'n eeu lank daar in die skaduwees van die binnehof wag. Sy het die dolke van die koning se slapende lyfwagte só neergesit dat Macbeth hulle móét raaksien. Nietemin, sy is bang dat sy moed hom sal begewe.

Die hekse het die hele tyd bo die binnehof rondgesweef, stilletjies by hulself gelag en geluide nageboots om Macbeth se vrou bang te maak: die geskreeu van krieke en uile en die gesuis van vlerke in die nag. Hulle het so hard

gewerk vir hierdie oomblik en hulle was hoog in hul skik dat alles nog verloop soos hulle dit beplan het.

Uiteindelik kom Macbeth met die trap afgestrompel, sy hande rooi van die bloed van die koning. Ja, antwoord hy sy vrou bewend en bleek van angs, hy het die koning vermoor. Hy het by die twee slapende lyfwagte verbygesluip tot in Duncan se kamer en die koning se hart met die dolk deurboor, net soos sy vrou gesê het hy moet doen. Duncan het met 'n diep sug gesterf en die bloed het uit sy liggaam oor Macbeth se hande gestroom. Daarna het Macbeth ook die lyfwagte vermoor.

En nou klou Macbeth vreesbevange aan sy vrou vas, in doodsangs oor die wrede daad wat hy gepleeg het. Hy wens met sy hele hart en siel dat hy dit nooit gedoen het nie, dat hy nooit na die hekse en sy vrou geluister het nie; dat hy weer onskuldig kan wees en weer die koning se getroue dienskneg kan wees. Maar nou is dit te laat. Die daad is gepleeg; hy moet nou die gevolge van sy boosheid dra.

Sy vrou vra hom oor die twee lyfwagte uit. Het hulle wakker geword of 'n geluid gemaak voordat Macbeth hulle doodgemaak het? "Ja", antwoord hy. "Een van hulle het geroer en 'n gebed

geprewel en die ander een het gesê "Amen". Ek het ook "Amen" probeer sê maar kon die heilige woord nie uitkry nie". Dit het Macbeth baie bang gemaak want as hy nooit weer kan bid of Amen sê nie, sal hy nooit weer 'n goeie mens wees nie, het hy skielik besef.

Maar iets anders het hom nog meer bevrees gemaak. Hy het 'n stem in die donker vir hom hoor sê dat wat hy gedoen het net so boos is as om die slaap self te vermoor en dat hy, as straf, nooit weer sal kan slaap nie. En selfs al sou hy slaap sal sy slaap deur aaklige drome versteur word.

Dit was eintlik die stem van een van die hekse. Sy het hom met die trap op gevolg om seker te maak dat sy moed hom nie begewe nie. Eers nadat hy die koning doodgemaak het, het sy vir Macbeth vertel wat die straf sal wees vir hom en sy vrou. Die gedagte aan Koning Duncan wat nou daar doodlê, en die bloed aan sy hande, sal hulle dag en nag agtervolg en hul dood veroorsaak.

Toe sien Macbeth se vrou dat hy nog steeds die bloedbevlekte dolke vashou en dit nie in Duncan se kamer agtergelaat het soos sy hom beveel het nie. Sy gryp die dolke uit sy hande en sê dat sy dit na die toneel van die moord sal terugneem. Sy sal die bloed aan die gesigte van die lyfwagte

smeer en die dolke langs hulle neersit. Almal sal dan glo hulle is die moordenaars: hulle het eers die koning vermoor en daarna mekaar in hul besopenheid doodgemaak.

"Was gou die bloed van jou hande af", sê sy vir Macbeth. "Gaan dan na ons slaapkamer en trek jou uit sodat onskuldig kan lyk wanneer die moord ontdek word". Sy neem toe die dolke na Duncan se kamer terug terwyl Macbeth bewend in die binnehof agterbly. Die hekse het die hele tyd hul bouse strik nouer getrek sodat daar vir Macbeth en sy vrou geen uitkoms meer is nie.

Meteens is daar 'n harde klop aan die kasteel se deur asof die Oordeelsdag aanbreek en die dooies uit hulle grafte opstaan...

Die harde klop aan die kasteel se deur het nie juis baie mense wakker gemaak nie; ook die deurwag het saam met sy vriende feesgevier en is self nog aan die slaap. Voor die deur moes die twee manne lank staan en klop – dit is twee van Duncan se getrouste edelliede, Macduff en Lennox. Hulle wil die koning kom groet en het die hele nag deur gery om vanoggend by hom te wees.

Toe Macbeth die klop hoor word hy eens so bang en gaan gou die kasteel binne om die bloed van sy hande af te was.

Uiteindelik grendel die deurwag die deur oop sodat Macduff en Lennox kan inkom. Macbeth kom self ook deur toe. Hy het die bloed van sy hande afgewas, 'n mantel oor sy skouers gegooi en gemaak asof niks gebeur het nie. Macduff sê hy wil graag die koning besoek maar toe Macbeth aanbied om hom na Duncan se kamer te neem wys hy dit van die hand. Hy kan alleen gaan, sê Macduff; hy het nie 'n gids nodig nie.

Terwyl die edelman weg is, staan Macbeth en Lennox in die binnhof en gesels. Lennox vertel dat hy en Macduff die vorige nag vreemde geluide gehoor het, van mense wat roubeklaag en in doodsangs skreeu. Dit het gevoel asof die aarde onder hulle bewe. Macbeth stem in dat dit 'n woeste nag was maar hy maak asof hy van niks weet nie. Maar 'n mens kan jou voorstel hoe hy gevoel het toe Macduff die trappe afkom en skreeu dat die koning en sy lyfwagte in die bokamer dood lê. Hy het ook die dolke en die bloedplasse gesien.

Macduff se geskreeu het die hele kasteel wakker gemaak en die gaste – ook Banquo en Duncan se twee seuns, Malcolm en Donalbain, storm die



kasteel uit, ontsteld oor die nuus en bang dat hul eie lewens in gevaar is.

Macbeth se senuwees het nou breekpunt bereik. Hy is tog die gasheer en verantwoordelik vir die veiligheid van sy gaste. Almal kyk na hom vir 'n antwoord op die vraag wat in elkeen se gedagtes is. Wie kon die verskriklike daad gepleeg het? Macbeth sou net daar ingegee het, was dit nie vir sy vrou se teenwoordigheid van gees nie. Sy maak asof sy flou word en val op die grond neer. Dit lei die aandag van Macbeth af en gee hom kans om te herstel. Met groot moeite oorwin hy sy vrees en sê vir sy vreesbevange gaste om hul wapens te gaan haal en in die kasteel bymekaar te kom sodat hulle kan besluit wat om te doen.

Maar Malcolm en Donalbain, uit vrees dat die koning se moordenaar hulle ook sal doodmaak, glip weg in die nag en ry oor die grens tot in Engeland. Daar gaan hulle uitmekaar. Malcolm ry suidwaarts en Donalbain draai regs na die weste om in Ierland veiligheid te soek. Banquo was ook baie bekommerd want hy het vermoed dat Macbeth die koning doodgemaak het. Hy het nie net vir sy eie lewe gevrees nie maar ook vir dié van sy jong seun, Fleance. Banquo besluit egter om te kyk wat gebeur en volg die ander gaste na die kasteel.

Noudat Malcolm en Donalbain gevlug het, eis Macbeth die kroon vir homself op. Hy is so brutaal dat die ander edelliede hom nie durf teëgaan nie. Hulle stem toe in dat hy as koning gekroon word en belowe om hom net so getrou te dien as wat hulle Duncan gedien het. Macbeth is nou uiteindelik koning, net soos die hekse daardie stormagtige nag in die moerasland voorspel het.

'n Mens sou dink dat Macbeth gelukkig sou voel noudat hy sy sin gekry het. Maar hy was nog nie tevrede nie. Hy onthou dat die hekse voorspel het dat Banquo die vader van baie konings sou wees; hierdie gedagte het by hom gespook en daartoe gelei dat hy sy tweede moord gepleeg het.

Macbeth nooi toe al die edelliede uit na 'n feesmaal soos die een wat hy gegee het die aand toe Duncan vermoor is. Banquo en sy seun Fleance sou ook onder die gaste wees. Om die waarheid te sê, Banquo sou die eregas wees en langs Macbeth se vrou sit om te wys hoe baie Macbeth van hom hou. Die uitnodiging aan Banquo en Fleance was eintlik 'n skelmstreek want Macbeth het twee moordenaars gehuur om hulle langs die pad voor te lê en te vermoor.

Maar die hekse het geweet wat Macbeth wou doen en sy bese planne verfydel. Hulle het ook langs die pad geskuil en Fleance net betyds weggeruk toe die moordenaars uitspring en hulle aanval. Fleance het ontsnap, maar die arme Banquo is vermoor. Die hekse lei toe die bloedbevleete spook van Banquo na die kasteel terug om saam met die ander gaste die feesmaal by te woon. En om Macbeth nog groter te laat skrik, sluip die hekse die kasteel binne en smeer van die bloed van Banquo se wonde aan die stoel waarop hy sou gesit het.

Net toe die trompette blaas en Macbeth en sy vrou opstaan om 'n heildronk op hul gaste te drink, verskyn een van die moordenaars in die skemerdonker. Hy het vir Macbeth kom vertel dat Banquo doodlê met twintig steekwonde in sy liggaam, maar dat Fleance ontsnap het. Ofskoon Banquo dus vermoor is, kan hy nog die vader van baie konings wees. En dit was Macbeth se grootste vrees.

Macbeth se vrou het gewonder met wie hy daar in die skemerdonker praat en roep hom om terug te kom tafel toe. Die wynbekers was reeds gevul en die gaste het gewag om 'n heildronk op Macbeth te drink. Macbeth stuur dus gou die

moordenaar weg en sluit hom by die ander edelliede en hul vroue aan.

"Dit is jammer dat ons goeie vriend Banquo nie by ons kan wees nie", sê Macbeth. "Ons sal in sy afwesigheid aan hom dink. Kom ons drink op sy lang en gelukkige lewe!"

Net toe die gaste hul wynbekers lig, draai Macbeth om na Banquo se sitplek aan die tafel. 'n Oomblik gelede was die sitplek nog leeg maar nou sit Banquo se spook daar, doodsbleek en bloedbevlek, en hy knik sy kop asof hy wil sê, "Ja, dit is ek, jou goeie vriend Banquo. Kyk wat het jy aan my gedoen!"

Toe Macbeth die afgryslike gesig aanskou, val die wynbeker uit sy hand en spat aan skerwe op die vloer. Hy skreeu vir die spook om weg te gaan. Vir 'n oomblik verdwyn dit, en Macbeth probeer homself regruk. Toe verskyn Banquo se spook weer en Macbeth raak buite homself van vrees en gaan so te kere dat die gaste, verbaas oor wat gebeur het, gereed maak om te vertrek. Hulle het nie die spook gesien nie. Vir hulle het Banquo se plek aan die tafel leeg gebly, en hulle het gedink dat Macbeth skielik van sy verstand af geraak het.

Nadat al die gaste weg is probeer Macbeth homself regruk. Maar hy kan sy oë nie van

Banquo se stoel afhou nie. Was dit regtig 'n spook wat daar gesit het, of net sy verbeelding? Om homself te oortuig dat hy nie meer bang is nie gaan Macbeth in Banquo se stoel sit en klem die armleunings styf met sy hande vas. Ja, die stoel staan stewig, die tafel staan vas en selfs die vloer onder sy voete is ferm. Sy verbeelding het hom parte gespeel!

Maar meteens voel sy vingers klam en klewerig, en toe hy hulle van die stoel af ophang is daar bloed aan sy hande. Dus het Banquo se spook werklik op die stoel gesit en die bloed kom uit die wonde aan sy liggaam! Toe Macbeth dit sien word hy met afgryse vervul, en sy vrou is vreesbevange toe hy sy bloedbevleekte hande vir haar wys. Gewoonlik sou sy hom probeer troos en ondersteun het soos sy so dikwels in die verlede gedoen het. Maar nou het sy breekpunt bereik en kan hom nie meer help nie. Sy maak dus geen beswaar toe hy vir haar vertel wat hy die volgende dag wil doen nie.

"Môre gaan ek die hekse opsoek en hulle dwing om vir my alles te vertel", sê hy. "Ek is te sondig om ooit vergewe te word maar ek sal darem weet watter gevare vir my wag." Hy gooi sommer dadelik sy mantel oor sy skouers en ry na die moerasland om die hekse te soek.

Gewone mense sal die spelonk waarin die hekse woon nooit kry nie maar hulle het Macbeth met die kronkelpaadjies al oor die moerasland gelei totdat hy meteens voor die opening staan. Hy strompel met die kliptrappies af en hoor hoe hulle sing terwyl hulle die aaklige goed wat hul daardie dag bymekaargemaak het, in die heksepot gooi.

Macbeth skraap al sy moed bymekaar en vra die hekse om vir hom hulle diepste geheime te vertel. Kan hulle vir hom vertel wat die toekoms vir hom inhou? Hoe kan hy seker wees dat die noodlot aan sy kant is en nie sy vyande help nie? Die hekse roep toe drie geeste uit hul hekspot op wat almal vir Macbeth die raad moet gee wat hy so nodig het.

Die eerste gees is in die vorm van 'n man se kop wat in die stoom van die heksepot rondswaef. Die gees sê in 'n diep stem vir Macbeth dat Macduff sy grootste vyand is en dat hy vir hom moet ligloop. Daarop verdwyn die gees weer in die heksepot.

Die tweede gees, 'n naakte en bloedbevleekte kind, verseker Macbeth dat geen man wat uit 'n vrou gebore is, hom ooit kan skade aandoen nie. En hoe kan Macbeth die woord 'gebore' in twyfel trek? Hoe kon hy weet dat daardie eenvoudige

woord die grootste skelmstreek is wat die hekse al ooit uitgehaal het?

Die derde gees is ook 'n kind wat 'n boomtak vashou asof hy daaragter skuil en vir Macbeth sê dat niemand hom ooit sal oorwin voordat Birnam-bos na Dunsinane toe kom nie. Macbeth kan nie help om te lag nie want Birnam en Dunsinane is meer as twintig myl van mekaar af en net gekke kan voorgee dat bome hulself kan ontwortel en na 'n ander plek verskuif.

Macbeth is nou so vol vertrouwe oor wat hy gehoor het dat hy nie skroom om vir die geeste die vraag te vra wat hom al lank pla nie. Is dit waar dat die kinders van Banquo en hulle kinders se kinders en daarna geslagte lank die konings van Skotland sal wees? Het hy die afgryslieke dade net om hulle ontwil gepleeg?

Toe Macbeth dit vra klink daar vreemde, grieselige musiek en die veraf gerammel van donderweer uit die heksepot uit; daarop kom daar agt geeste in koningsgewaad stil en stadig agter uit die spelonk te voorskyn. Heel laaste is Banquo, nog doodsbleek terwyl die bloed uit sy wonde sypel, maar daar is 'n glimlag op sy gesig want hy weet hy het nie verniet gesterf nie. Sy seuns en kleinseuns sal eendag konings wees, net soos die hekse voorspel het. Toe Macbeth

hierdie gesig sien, vlieg hy verskrik om en verdwyn in die nag.

Noudat Macbeth weet wat met hom gaan gebeur word hy wanhopig en besluit om sy boosheid enduit te voer. Hy gaan almal doodmaak wat in sy pad staan. Die eerste ding wat hy doen is om Banquo se twee moordenaars te stuur om ook Macduff te gaan vermoor. Maar Macduff het reeds vermoed dat Macbeth vir Duncan en Banquo doodgemaak het en dat hy volgende aan die beurt is. Toe die moordenaars by die kasteel aankom, het hy reeds na Engeland vertrek om hom by Malcolm aan te sluit. In hul woede maak die moordenaars toe sy vrou en kinders dood. Dit was die ergste daad wat Macbeth oot gepleeg het, nog erger as die moord op Duncan.

Sy skuld was nou groter as ooit tevore. Maar die dag van afrekening was naby want Malcolm het die koning van Engeland oorreed om hom te help en toe Macduff daar aankom het die koning al sy leër byeengeroep om Macbeth in Skotland aan te val en hom dood te maak. Net toe hulle wou vertrek kom die Edelman van Ross daar aan en vertel vir Macduff wat met sy vrou en kinders gebeur het. Macduff was so geskok dat hy byna flou geword het. Maar toe verander sy leed in woede. Hy het lankal besluit om van Macbeth

ontslae te raak; nou is hy duisendmaal meer vasberade om hierdie bese man te vernietig.

Maar voordat dit kon gebeur moes Macbeth nog 'n krisis deurmaak. Toe sy vrou daardie noodlottige nag na Duncan se kamer teruggegaan het om die dolke langs die twee lyfwagte neer te sit en die koning daar in 'n plas bloed sien lê, het hy haar laat dink aan haar vader vir wie sy so lief was, en van daardie nag af kon sy die gesig nooit weer uit haar gedagtes kry nie. Die hekse het natuurlik geweet dat hulle Macbeth se lewe soveel makliker kon verwoes as hulle sy vrou ook kon vernietig. Hulle maak toe 'n model van haar brein en verwyder die deel wat haar geheue beheer. Die model was eers koud en dood maar nadat hulle hul aaklike liedjies daaroor gesing en dit liggies oor die vuur warm gemaak het, begin haar eie geheue te lewe en onthou sy die nag van Duncan se dood in al sy afgrysligheid.

Kort daarna begin sy in haar slaap wandel terwyl sy haar hande teen mekaar vryf asof sy die bloed probeer afwas.

"Gaan weg, gaan weg, bloedvlek!" prewel sy en roep verwytend uit: "Sal my hande dan nooit skoon word nie? Maar sy het geweet dat die bloedvlek nie op haar hande was nie maar in haar siel en dat dit vir altyd daar sal bly. Sy het al

swakker geword en van haar verstand af begin raak. Tot hier toe het sy Macbeth ondersteun maar nou kon sy dit nie meer doen nie; hy was nou heeltemal alleen. Maar Macbeth het nog moed gehou. Die hekse het hom verseker dat niemand hom sal oorwin voordat Birnam-bos oor die heuwels na Dunsinane aangestap kom nie en selfs al sou dit deur 'n wonderwerk gebeur, kan geen man wat uit 'n vrou gebore is hom ooit skade aandoen nie. Waarom moet hy dus bang wees? Hy sal die oorlog teen Macduff wen en daarna kan hy en sy vrou die bese dinge vergeet wat hulle gedoen het om koning en koningin te word. Daarop roep Macbeth sy leer byeen en vertrek na die kasteel in Dunsinane, die sterkste kasteel in die hele Skotland. Hier sou hy veilig wees. Niemand kan die kasteel binnekom nie, Macbeth stel dus die wagte in die hoogste torings op, trek sy harnas aan en wag dat die vyand moet aanval.

Meteens skreeu een van die wagte sy verbasing uit. Hy sien iets aankom, kompleet asof die hele bos van Birnam af na die kasteel beweeg. Sonder dat Macbeth dit geweet het, het die Engelse soldate die takke van die bome afgekap en dit voor hulle gehou terwyl hulle na Dunsinane opruk. Nou verstaan hy wat dit beteken, en hy

begin wonder of die ander deel van die voorspelling, dat geen man wat uit 'n vrou gebore is hom kan doodmaak nie, dalk nie ook 'n skelmstreek is nie.

Maar Macbeth skud die vrees van hom af. Alles wat die hekse belowe het, het tot dusver waar geword. Waarom moet hy nou vertrouwe in hulle verloor net omdat een deel van hulle voorspelling twee betekenis het? As hy slim genoeg was sou hy verstaan het dat die bewende bos dietakke sou wees wat die soldate voor hulle hou, en nie dat die bos werklik kan beweeg nie. Nee, die hekse het vir hom die waarheid vertel en hy was 'n gek om nie te verstaan wat hulle bedoel nie.

Meteens klink 'n kreet uit die kasteel op en die dokter maak sy verskyning om vir Macbeth te sê dat sy vrou gesterf het. Die slapelose nagte vol herinnerings van Duncan se moord was vir haar te veel en sy het die stryd gewonne gegee. Macbeth laat haar stil begrawe; daar is nie tyd om oor haar dood te treur nie. Die Engelse soldate het die takke weggegooi en hamer reeds op die deure van die kasteel. Malcolm het die moord van sy vader kom wreek en Macduff die dood van sy vrou en onskuldige kinders.

Die geveg het die hele dag geduur, maar Macbeth het moed geput uit die hekse se belofte dat geen man wat uit 'n vrou gebore is hom ooit kwaad kan aandoen nie. En toe hy Macduff in die geveg ontmoet was dit ook die hekse se belofte wat hom uitdagend laat sê dat die gode hom so goedgesind is dat hy geen man vrees nie. Maar Macduff openbaar die strik wat die hekse so lank gelede vir Macbeth gestel en agter hul vele belofte verberg het:

"My moeder se geboortepyne het so lank aangehou dat sy byna gesterf het", sê Macduff. "Hulle het toe 'n dokter laat kom wat my voor die tyd in die wêreld gebring het. Ek is nie werklik gebore nie".

Dit was dan die betekenis van die bloedbevlekte kind wat uit die stoom van die heksepot opgerys het. Die bloed was nie sy eie nie maar dié van sy moeder. Nou weet Macbeth alles. Die hekse het met hom die spot gedryf. Hulle belofte aan hom was niks werd nie en hy vervloek hulle vir hulle geveinsdheid en bedrog.

Macbeth weier eers om teen Macduff te veg want hy weet Macduff sal hom doodmaak. Maar hy moet òf veg òf oorgee. En oorgee sal vir so 'n trotse man soos Macbeth erger as die dood wees. Macbeth besluit dus om te veg.

Macbeth skraap sy laaste bietjie moed bymekaar en storm soos 'n gedierte op Macduff af. As hy moet sterf, sal Macduff ook sterf. Hulle veg met 'n gekletter van swaarde. Maar Macduff is vir hom te sterk. Boonop onthou Macduff wat Macbeth sy vrou en kinders aangedoen het en dit maak hom blind van woede. Hy vel Macbeth met een hou neer, kap sy kop af en hou dit omhoog sodat almal dit kan sien.

So het die geveg dan geëindig. Macbeth se soldate het hulle wapens neergegooi, die hekke is oopgemaak en die Engelse leër met Macduff vooraan het die kasteel binnegestroom. Daarna het al die soldate teruggegaan huistoe en vir 'n rukkie was daar vrede in Skotland.

Maar daar moet altyd oor die vrede gewaak word want die magte van die duisternis is gedurig aan die werk; hulle wil die vrede versteur en oorlog maak. Die hekse het die hele dag die geveg dopgehou en Macbeth tot die einde toe moed ingespraak sodat hy geglo het hy kan nie doodgemaak word nie. Maar toe alles verby is, het hulle tevoorskyn gekom en die plek gesoek waar hy aan sy einde gekom het. Daar in die lang gras waar Macduff sy kop afgekap het, het hulle sy bloed en stukkie vleis en baard gekry. Die hekse het geskreeu so bly was hulle hieroor.

Hulle dadelik die aaklige oorblyfsels begin optel, teruggevlieg na hulle grot en dit in hul heksepot gegooi. Toe het hulle die vuur aangesteek en weer om die heksepot begin dans terwyl hulle hul lelike liedjie sing:

*Boos is goed, en goed is boos:  
Fladder deur vogdamp, vuil en voos!*

**EINDE**